higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 4

(11020274)

15 November 2024 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

218Q1N2415

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1 Die doel van die Wysigingswet op Oorgrenspadvervoer is om die toestaan van permitte te reguleer.

1.2 Die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (‘PPPFA’) fasiliteer die toekenning van kontrakte, gebaseer op die 60/40-voorkeurpuntstelsel.

1.3 Bedrog en korrupsie is twee van die grootste uitdagings wat die tenderstelsel in die gesig staar.

1.4 Die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (‘SAMSA’) is vir veiligheidsregulering buite hawens verantwoordelik.

1.5 'n Groothandelaar omskep grondstowwe in voltooide goedere.

1.6 Brandstof is 'n voorbeeld van vaste vervoerkoste.

1.7 'n Inkomstestroom kan gedefinieer word as 'n gereelde vloei van geld wat deur 'n besigheid gegenereer word.

1.8 'n Operasionele bestuursplan is op die werk van eerstelynbestuurders gefokus.

1.9 Die Lughawensmaatskappy van Suid-Afrika (‘ACSA’) besit en bedryf die nege vernaamste Suid-Afrikaanse lughawens.

1.10 Suid-Afrika se vernaamste invoere sluit goud in.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Reguleer seeverkeer in Suid-Afrika	A	waardekettingontleding
2.2	'n Dokument wat belangrike voorwaardes bevat en met ink onderteken moet word	B	grensposte
2.3	Punte waar oordragte van goedere van een manier van vervoer na 'n ander plaasvind	C	verkrygingskoste
2.4	Beoog om enige aktiwiteite in die vervaardigingsproses uit te skakel wat nie waarde tot die produk toevoeg nie	D	palletisering
2.5	Koste verbonde aan die lewering van 'n produk of diens aan 'n kliënt	E	Wet op Seeverkeer
2.6	Dui die wins of verlies van 'n maatskappy oor 'n gegewe tydperk aan	F	kluster
2.7	Groep mense wat soortgelyke sakebelange het	G	intermodale koppelvlak
2.8	Berging of verskuiwing van vrag deur middel van laaibordvervoer	H	handelsbalans
2.9	Verskil tussen die waarde van goedere en dienste wat uitgevoer word en die waarde van goedere en dienste wat ingevoer word	I	Wet op Burgerlike Lugvaart
2.10	Word gebruik om kliënte spesifieke vrae oor hul indrukke van 'n maatskappy te vra	J	Belemmering (‘choking’)
		K	bodnotering en belangeverklaring
		L	kliëntonderhoud
		M	inkomstestate

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 … verwys na alle verkryging van goedere, dienste en openbare werke, met behulp van sekere metodes en tyd, wat die beste waarde vir die gemeenskap bied.

3.2 'n … is 'n stelsel wat vir die vervoer van vloeistof of gas, oor 'n lang afstand, gebruik word, tipies na 'n markgebied vir verbruik.

3.3 … verwys na die bestuur van logistieke aktiwiteite, ongeag die aktiwiteite wat kenmerkend van die verskillende sektore is.

3.4 … tree as tussenganger tussen die verskaffer en groothandelaar/kleinhandelaar of tussen die verskaffer en kliënt op.

3.5 … is grootskaalse strukture waarbinne verskillende logistieke diensverskaffers saamwerk om waardetoegevoegde dienste aan te bied deur bates te deel.

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

NAKOMING IN SA SE LOGISTIEKE INDUSTRIE BELANGRIKER AS OOIT

Met Suid-Afrika se binnelandse ekonomie wat amptelik in 'n resessie is, het baie sakeondernemings se geneigdheid om groter risiko's te neem, ter wille van korttermynwinsgewendheid, aansienlik toegeneem en dit is dikwels ten koste van regulatoriese nakoming. “As ’n bedryf, moet ons binne die voorgeskrewe wetlike riglyne werk, en daarom is burokratiese omslagtigheid en papierwerk onvermydelik,” sê adv. Christo Erasmus, regshoof vir Bidvest International Logistics (BIL). "Maar die papierwerk wat met die regstelling van 'n nie-nakomingskwessie verband hou, kan egter baie meer ingewikkeld wees," waarsku hy.

[Bron: *https://www.bizcommunity.com*]

4.1 Verduidelik kortliks TWEE doelwitte van elk van die volgende wette:

4.1.1 Wet op Nasionale Landvervoer

4.1.2 Wet op Seeverkeer (‘Marine Traffic Act’)

(2 × 2) (4)

4.2 Wat is die EEN risiko wat maatskappye neem as gevolg van die binnelandse ekonomiese resessie in Suid-Afrika? (1)

4.3 Watter belanghebbende sal waarskynlik benadeel word as gevolg van die risiko wat in die berig geïdentifiseer is? (1)

4.4 Noem EEN manier waarop hierdie belanghebbende waarskynlik benadeel sal word. (2)

Die Groenskrif oor Hervorming van Verkryging in die Openbare Sektor in Suid-Afrika verklaar dat daar 'n aantal sleutelbeginsels onderliggend aan verkrygingshervorming in die openbare sektor is.

4.5 Noem DRIE sleutelbeginsels van verkrygingshervorming in die openbare sektor. (3 × 2) (6)

4.6 Noem en verduidelik TWEE stappe in die tenderstelsel van die staat. (2 × 3) (6)

4.7 Noem DRIE kommersiële hawens in Suid-Afrika. (3)

[23]

VRAAG 5

Die Nasionale Landvervoer - Strategiese Raamwerk (NLVSR) is 'n wetlike vereiste ingevolge artikel 34 van die Wet op Nasionale Landvervoer (Wet 5 van 2009) (WNLV). Die WNLV bemagtig die minister om elke vyf jaar 'n NLVSR voor te berei. Dit omvat die oorkoepelende nasionale vyfjaar-strategie (2023 tot 2028) vir landvervoer, wat die riglyne bied vir vervoerbeplanning en die lewering van landvervoer deur die nasionale regering, deur provinsies ten opsigte van die ontwikkeling van provinsiale landvervoerraamwerke (PLVR'e), en munisipaliteite met die ontwikkeling van die onderskeie geïntegreerde vervoerplanne (IVP'e) vir die tydperk.

Benewens die wetgewende vereistes, word die voorgestelde hersiening en bywerking van die NLVSR bepaal deur onlangse ontwikkelings in die vervoeromgewing op internasionale, streeks- (Afrika), nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke, sowel as die nuwe strategiese doelwit van die huidige administrasie. Die Openbare Vervoerstrategie en Aksieplan, die goedkeuring van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) deur die regering, die Nasionale Leerdervervoerbeleid, die 2022 Witskrif oor die Nasionale Spoorbeleid, Nasionale Vervoermeesterplan 2050 (‘NATMAP 2050’), insluitend die strategiese verpligtinge van die huidige administrasie wat op die ontwikkeling van die NLVSR-vyfjaarhorison, en baie ander ontwikkelings in die vervoeromgewing wat 'n impak kan hê, moet in die hersiening en bywerking van die raamwerk oorweeg word. Nasionaal is daar grondwetlike implikasies vir vervoerbeplanning, wat die reg op veiligheid, gelykheid, waardigheid en vryheid van beweging beïnvloed.

[Bron: *www.gov.za*]

5.1 5.1.1 Gee TWEE vervoermodusse wat deur die NLVS gereguleer word. (2)

5.1.2 Noem TWEE regte van Suid-Afrikaanse burgers wat met die implementering van die NLVSR gewaarborg word. (2 × 2) (4)

5.1.3 Som die doel van die nasionale vraglogistieke strategieraamwerk op. (3 × 2) (6)

5.1.4 Noem VIER NLVSR-beleidsdokumente wat tans hersien en bygewerk word. (4)

5.2 Noem VIER vraglogistieke gange in Suid-Afrika. (4)

5.3 Verduidelik die doel van die verklaring van bywoning dokument. (2)

5.4 Verduidelik hoe elk van die volgende sinergieë bereik kan word deur geïntegreerde logistieke bestuur:

5.4.1 Koöperatiewe bestuur

5.4.2 Inklusiewe kommunikasie

(2 × 2) (4)

[26]

VRAAG 6

6.1 Definieer die term *kleinhandelaar*. (2)

6.2 Vanuit 'n kliënt se perspektief word logistieke bestuur meestal gedefinieer in terme van die sewe R'e.

Noem DRIE van die sewe R'e. (3 × 2) (6)

6.3 Verduidelik hoe verhoogde verkoopsvolume in 'n logistieke maatskappy sy winsgewendheid kan verhoog. (4)

6.4 Noem DRIE sleutelfaktore wat die winsgewendheid van 'n maatskappy beïnvloed. (3)

6.5 Gee TWEE voorbeelde van uitgawes wat 'n logistieke onderneming kan aangaan. (2)

[17]

VRAAG 7

7.1 Kopieer en voltooi die volgende inkomstestaat van Kagisho-vervoerdienste.

INKOMSTESTAAT VAN KAGISHO-VERVOERDIENSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2023

Verkope		
Min: Koste van verkope		
Bruto wins		
Min: Uitgawes		
Netto wins		

Kagisho-vervoerdienste het die volgende inligting op rekord gehad vir die jaar geëindig 30 Junie 2023:

	R
Verkope	6 000 000
Koste van verkope	2 500 000
Salarisse	550 000
Brandstof	900 000
Tolgelde	25 0000
Elektrisiteit	13 000
Telefoon	7 000
Skryfbehoeftes	5 000

(11)

Selfs vir maatskappye wat hul logistieke bestuursfunksies uitkontrakteer, is dit van kardinale belang om oor 'n duidelike logistieke bestuursplan te beskik, wat die vereiste prestasievlakke, om besigheidsdoelwitte te bereik, sal stipuleer. Die logistieke bestuursplan vorm gewoonlik deel van diensvlakooreenkomste en bepaal die prestasievereistes vir die verskillende partye in die voorsieningsketting.

[Bron: *Freight Logistics L4 Learner's Guide*]

7.2	Noem en verduidelik DRIE tipes bestuursplanne.	(3 × 2)	(6)
7.3	Gee DRIE voordele van 'n pakhuisbestuursplan.	(3 × 2)	(6)
7.4	Onderskei tussen *interne kliënte* en *eksterne kliënte*.	(2 + 2)	(4)
			[27]



VRAAG 8

Na verskeie aankondigings oor handel by die BRICS-beraad, wat in 2023 in Suid-Afrika gehou is, is die vooruitsig dat handel tussen China en Suid-Afrika verder sal groei. By die beraad het die lande ooreengekom om die handelstekort te verklein deur toegang tot Chinese markte vir Suid-Afrikaanse produkte uit te brei. In dié verband het China onlangs begin om Suid-Afrikaanse beesvleis in te voer en is 'n verbod op die produk (weens bek-en-klouseer) opgehef. Die twee lande het ook ooreengekom om toe te laat dat avokado's vanaf Suid-Afrika na China uitgevoer word.

[Bron: *Global Compliance News*]

8.1 Verduidelik elk van die volgende konsepte:

8.1.1 Handelstekort

8.1.2 Handelsbalans



(2 × 2) (4)

8.2 Noem TWEE produkte uit die uittreksel wat China van Suid-Afrika sal invoer. (2)

8.3 Noem VIER lande wat oorlandse binnekomsplek ('points of entry') met Suid-Afrika deel. (4)

8.4 Noem DRIE vername Suid-Afrikaanse internasionale lughawens. (3)

8.5 Verduidelik kortliks die doel van opsporing in die vraglogistieke omgewing. (2)

8.6 Beskryf 'n positiewe oomblik van waarheid met 'n kliënt en gee 'n voorbeeld. (4)

8.7 Verduidelik VIER doelwitte van 'n kliëntesorgbeleid. (4 × 2) (8)

[27]



TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou